

BENODIGDHEDE: Ongeveer 250 g wit Tridalia Nr. 8 (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm; sambreel om oor te trek.

MATE: Om oor gekoopte sambreel te pas.

AFKORTINGS: gs – glipsteek; ks – kettlingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; 3dsl-tr – trossie wat uit drie dubbelslagsteke bestaan; grh – gare rondom hekelpen; b – bobbel; osk – oop skulp; blk(s) – blokkie(s); sp(s) – spatie(s); herh – herhaal; vermeer – vermeerder.

3dsl-tr – 3 onafgewerkte dsl saam deurgetrekt.

b – 5 dsl in dieselfde st, laat val laaste st, en steek pen in 1e st; tel gevalde st weer op, grh en trek deur albei lusse.

osk – (1lb, 1ks, 1lb) in dieselfde st of sp.

blk – 1lb om mee te begin; *2lb in sp, 1lb in vlg lb.

Vermeer 1 sp: 1osk in osk, 1ks, 1lb in 2e lb van osk van vorige rondte.

AANWYSINGS: Trek die vorm van een sambreelsegment op papier af.

Begin met 16ks, gs in 1e ks om 'n ring te vorm.

1e rondte: 16kb in ring.

2e rondte: *1lb in vlg kb, 2ks, slaan 1kb oor; herh rondom.

3e rondte: *1osk in lb, 2lb in sp; herh rondom.

4e rondte: *(1osk in osk, 1lb in elk van vlg 4lb, 2 ks) herh rondom.

Raadpleeg diagram, hekel steeds 1osk in osk en vermeer volgens die papierpatroon van segment. Die osk-streep wat aan weerskante van elke segment gevorm word, moet ooreenstem met die baleine (ribs) van die sambreel. Voltooi roosmotief op elke segment volgens diagram, maar moenie gare afknip nie.

OMRANDING: **1e rondte:** 4dsl in sp, 2ks, slaan 1sp oor; herh rondom.

2e rondte: *4dsl in sp, 2ks; herh rondom.

3e rondte: Soos 2e rondte.

4e rondte: *1lb in 1e dsl, 2ks, 1lb in 4e dsl, 2ks; herh rondom.

5e rondte: *3lb in sp, 1ks; herh rondom.

6e rondte: *1kb in sp, 7ks; slaan 1sp oor; herh rondom.

7e rondte: *1kb in sp, 7ks; herh rondom.

8e rondte: Soos 7e rondte.

9e rondte: *(1lb, 1ks, 2lb, 1ks, 2lb, 1ks, 1lb) in sp, 3ks, 1kb in vlg sp, 7ks, 1kb in vlg sp, 7ks, 1kb in vlg sp, 3ks; herh rondom.

10e rondte: [(3dsl-tr, 2ks) 2 keer, plus 3dsl-tr] in 1ks-sps tussen langbene, 5ks, 1kb in 7ks-sp, 7ks, 1kb in vlg 7ks-sp, 5ks; herh rondom.

11e rondte: (3dsl-tr in 3dsl-tr, 3dsl-tr in 2ks-sp) 2 keer, plus 3dsl-tr in vlg 3dsl-tr van vorige rondte, 5ks, (1kb, 4ks, 1kb) in middelste sp, 5ks; herh rondom. Knip gare af en werk netjies af.

OORTREKSEL VIR PUNT (word in twee rigtings gehekel).

Begin met 16ks (of soveel ks dat punt van sambreel omsluit kan word), sluit met gs om 'n ring te vorm, maar laat 'n



'n Sambreel vir die bruid

stuk gare van 3 meter vir afwerking van tweede deel, wat 'n voetjie vir eerste stuk vorm.

1e rondte: 16kb in 16ks.

2e rondte: *1lb in kb, 2ks, slaan 1kb oor; herh rondom.

3e rondte: *1lb in sluitsteek van bobbel, 1ks, 1lb in sp tussen 2b, 1ks; herh rondom.


4e rondte: 1kb in elke sp. Knip gare af, maar laat 'n stuk wat lank genoeg is om voetjie aan sambreeloortreksel vas te werk.

VOETJIE: **1e rondte:** Begin aan ander kant met 3-m-stuk gare en hekel 1kb, 5ks, slaan 2 ste oor; herh rondom (5 sps).

2e rondte: Hekel in elke sp: (1h1b, 1lb, 1dsl, 1lb, 1h1b); herh rondom en knip gare af. Werk netjies af.

AFWERKING: Steek voetjie deur opening in middel van sambreeloortreksel en werk vas. Plaas voltooide sambreeloortreksel só oor punt en oopgespreide sambreel dat osk-strepe oor baleine val. Werk eerste 5 rondtes van elke osk-streep

aan baleine vas en werk omranding ook by punte van baleine vas. ●



SLEUTEL TOT DIAGRAM

- ✕ – blokkie
- – spatie